MUSIEKPENNING AAN ARNOLD VAN WYK

DIE S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns het die erepenning vir musiek (1949) toegeken aan Arnold van Wyk, die jong Afrikaanse komponis en pianis. As komponis staan Van Wyk bekend vir sy klein en groot komposisies in alle media, maar hoofsaaklik vir snaarensembles en orkes. Sy werk, klein en groot, munt uit deur krag van verbeelding, rykheid van gevoelsinhoud en meesterskap van struktuur.

Onder sy kleinere werk noem ons: Drie Improvisasies of Nederlandse Volksliedjies; Vyf Elegieë vir Strykkwartet; Vier Weemoedige Liedjies. Onder sy grotere werk: *Eeufeeskantate*, 1938, op woorde van Totius; *Kerskantate vir Soliste, Koor en Orkes*, 1949; *Strykkwartet, Nr. I* (in die pers).

Bogenoemde werke is gepubliseer. Ander werke is reeds uitgevoer maar nog nie gepubliseer nie.

Van Wyk se werk verskyn dikwels op konsertprogramme in Engeland, Holland, België, ens. As pianis is Van Wyk reeds 'n kunstenaar van naam, ditsy op die konsertverhoog of in die radio-ateljee. Onlangs nog het hy 'n konsertreis deur die land onderneem onder beskerming van die Reddingsdaadbond.

Sowel speel as komposisietalent het Van Wyk reeds verskeie pryse in Suid-Afrika en die buiteland verwerf, bv. die medalje van die *Worshipful Company of Musicians*, Londen; die *Roller-prys* vir buitengewone klaviertegniek en die *Charles Lucas-toekenning* vir komposisiewerk. Ook die verwerwing van 'n beurs deur die *Performing Rights Society* in Suid-Afrika het Van Wyk in staat gestel om in Londen te gaan studeer. Daar het die B.B.C. sy simfonie uitgesaai en was hy jarelank verbonde aan die B.B.C. as programorganiseerder, ens. Met Louis Knobel het hy Afrikaanse uitsendings gereël. Tans is Van Wyk senior-lektor in musiek aan die Universiteit van Kaapstad.

Van Wyk is 'n jong Afrikaanse kunstenaar wat reeds veel gedoen het vir die kultuurlewe van sy volk en nog veel sal kan beteken vir die verdere ontwikkeling van die landskultuur.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012